SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting
Conservation through sustainable utilisation
E-pos/E-mail:info@sahunt.co.za
Web:www.sahunters.co.za
Tel:(012) 808-9300

# Nuusbrief SA Jagters Tuinroetetak Maart 2025

## Algemeen

Tydens Tuinroete-tak se ledevergadering op 13 Februarie, het Ford Winnertz, 'n afgetrede boedelprokureur, die belangrikheid van 'n behoorlike testament verduidelik. Twee lede van MSec het op hul beurt persoonlike veiligheid en sekuriteit onder lede se aandag gebring.

Wat testamente en die erf van wapens betref, het Ford beklemtoon hoe belangrik dit is om jou testament gereeld by te werk as deel van goeie en omvangryke boedelbeplanning. Hy het 'n aantal waardevolle wenke gegee oor die hantering van boedels en vuurwapens in 'n boedel.

Sy wenke was o.a. as volg:

- Bemaak al jou vuurwapens aan 'n bepaalde persoon by name. Net die wapeneienaar of sy eksekuteur kan die wapens aan iemand anders oordra.
- Moenie 'n instansie soos 'n bank of versekeringsmaatskappy aanstel as jou eksekuteur nie, maar stel 'n persoon by name aan. Verkieslik moet die eksekuteur iemand wees wat vuurwapens ken en 'n lisensiehouer is. Die eksekuteur kan 'n boedelberedderaar aanstel om die werk te doen.
- Eienaarskap van 'n vuurwapen kan net deur middel van skenking, verkoop, ruil of bemaak verander word.
- Artikel 147 van vuurwapen wet bepaal dat 'n eksekuteur enige wapens in die boedel volgens wetsvereistes moet stoor.
- Artikel 148 bepaal dat die begunstigde, aansoek moet doen vir lisensies soos bepaal deur die wet.
- 'n Artikel 21-bergingspermit mag bekom word terwyl die proses afgehandel word.
- As die eksekuteur nie die fasiliteite het om die wapen veilig to berg nie, kan die begunstigde aansoek doen vir so 'n permit totdat die lisensiëring afgehandel is. 'n

Wapen wat onder hierdie omstandighede gestoor word, mag glad nie gebruik word nie.

- Boedelvuurwapens kan ook by ‘n handelaar ingeboek word totdat die lisensie uitgereik is.
- Die Meester se kantoor is tans disfunksioneel en dit kan 18 tot 24 maande neem om ’n boedel af te handel.
- Artikel 103 bepaal dat die eksekuteur die Sentrale Vuurwapenregister (CFR ) binne 14 dae na aanstelling in kennis moet stel oor die bemaking van ’n vuurwapen. Die kennisgewing moet elke ses maande hernu word totdat lisensiëring afgehandel is.
- Artikel 120 (a) bepaal dat as iemand weet van ’n persoon wat in besit is van ‘n ongelisensieërde wapen en nie die SAPD in kennis stel nie, ’n vonnis van tien jaar tronkstraf opgelê mag word.
- Die belastingwaarde van enige wapens moet by die finansiële waarde van die boedel gevoeg word. Bybehore soos teleskope, herlaaitoestelle kan eerder uit die hand verkoop word indien die begunstigdes dit nie wil hê nie.
- As die begunstigdes nie die wapens wil oorneem nie, mag die eksekuteur dit verkoop.
- Gerhan Archer het ook voorgestel dat vuurwapens van boedels aan SA Jagters geskenk kan word. Die Vereniging kan die wapens verkoop en gewere soos .22 en PCP-gewere vir junior opleiding aanwend.

Petrus en Angelo van M-Sec

Petrus en Angelo van M-Sec het ’n aanbieding gedoen oor die neigings in misdaad in die gebied en wenke gegee om persoonlike sekuriteit by lede se huise te verbeter.

- Misdaad in ons streek neem toe weens toestroming van mense na die gebied.
- Verseker dat kluise waarin vuurwapens geberg word, behoorlik vas is teen ’n muur soos wat die vuurwapenwet bepaal.
- Maak seker jou alarm werk en dat die beheerkamer van jou sekuriteitsmaatskappy die alarms ontvang. Oorweeg ook ’n “silent alarm” vir jou kluis.
- Diewe kry soms toegang deur jou huis se dak en skakel die alarms af. Installeer mikrogolfsensor bo die plafon.
- ‘n Lae dak, ’n dak na aan ’n muur of watertenks langs die huis maak dit makliker om op jou dak te klim en toegang kry.
- “Skylights” is ook baie maklik om oop te maak en die huis binne te kom.
- Moet nooit enige wetsbepalings probeer omseil nie
- Gee aan ‘n vertroueling ’n huissleutel vir wanneer jy nie tuis is nie

- Jaggewere word nie dikwels gesteel nie. Diewe steel eerder handwapens en ammunisie.
- Diewe is veral aktief gedurende skoolvakansies.
- Wees baie versigtig aan wie jy enige inligting oor jou tuiste en alarms gee
- As jy “beams” het om jou huis, gaan gereeld na dat daar nie versperrings voor hulle is wat die die werking kan affekteer nie.
- Die reaksie-eenheid moet toegang tot jou eiendom kan kry wanneer die alarm afgaan, bv. kode, sleutel.
- Geen buitepersone (bv. skoonmakers, huishulpe, verwers) moet toegelaat word om selfone in die huis in te bring nie omdat hulle maklik en vinnig foto’s van jou besittings, alarmstelsels, sensors en kluise kan neem.

**Ander ledesake**

Die tak benodig meer mense om op skietdae te help met administrasie, opstel van teikens, en as baanoffisiere. Lede wat bereid is om te help, kan die voorsitter kontak vir meer inligting.

Na Rudi Kruger se bedanking benodig die tak ’n MDS-koördineerder. Lede wat belangstel kan die voorsitter kontak.

**Skietsake**

Ons volgende maandelikse skietdag vind op 8 Maart by On Target plaas. Skietoefeninge sluit in .22/PCP, handwapen, en probleemdiere soos jakkals en vlakvark op die langbaan.

Op 12 April bied ons die Lapua Uitdaagkompetisie aan. Kategorieë sluit in randslag (50 meter) en senterslag (100 meter) enige kaliber tot op .30 –. Die inskrywingsfooi sluit een teiken in. Skuts moet addisionele teikens koop vir deelname in mee kategorieë. Sandsakke word toegelaat asook bankrus: 10 skote vir .22 kaliber en 5 skote vir senterslag

Tuinroete-tak se skietspan vaar uitstekend in die Intertak-spanskietkompetisies. Hulle het weer op 22 Februarie op Kareedouw uitgeblink.

SA Jagters se nasionale kampioenskap vir 2025, sal weer verdeel word in ’n noordelike en ’n suidelike streek om reiskoste vir skuts in die suidelike dele van die land te verminder.

Die tak bied vanjaar weer verskeie Intertak-haelgeweerskietdae aan.

Lede in die Riversdal/Stilbaai gebied kan inskakel by Koos Barnard se skietdae op Riversdal.

Lede noord van die Outeniquaberge kan by Rob Fisher op Oudtshoorn inskakel.

### SA Jagters kompetisies

Kaartjies vir beide die buffel- en die Kalahari-jag is beskikbaar op SA Jagters se webwerf teen R100 elk.

Takke kan borgskappe van hoofkantoor kry volgens die getal kaartjies wat per tak verkoop word, so help julle tak (en wen miskien) deur kaartjies te koop.

**Hoofkantoor** – alhoewel beurtkrag effens bedaar het, kan dit steeds ons telefoonsentrale beïnvloed. Donderstorms en reën is in die somer in Pretoria ook algemeen, wat HK se telefone ook kan affekteer. Indien lede nie op (012 808 9300) kan deurkom nie, kan die volgende nommers gebruik word

- Ontvangs: 082 848 8547
- Vuurwapen ondersteuning: 066 256 2916
- Opleiding: 082 658 6680
- Finansieel: 082 727 5158
- Jagterswinkel: 066 231 8185
- Die Jagterswinkel is seker SA Jagters se bes bewaarde geheim. Besoek die SA Jagters webtuiste vir uitstekende pryse op alles waaraan 'n wapenliefhebber kan dink!
  https://sahunters.co.za/about-sa-hunters/sa-hunters-shop/

## Newsletter SA Hunters Garden Route branch March 2025

### General News

During the Garden Route branch's member meeting on 13 February, Ford Winnertz, a retired estate attorney, explained the importance of having a proper will. Two members of M-Sec, in turn, highlighted personal safety and security to the members.

Regarding wills and the inheritance of firearms, Ford emphasised the importance of updating your will regularly as part of good and comprehensive estate planning. He provided several valuable tips on handling estates and firearms within an estate.

*Ford Winnertz*

- He emphasized how important it is to have a current will and to keep updating it regularly throughout your life
- Always appoint an individual as your executor, not a bank or insurance company, if you have firearms in your estate. Preferably this should be someone who is familiar with firearms and has firearms licenses himself. Your executor can appoint a suitably qualified person to handle all the details of the estate
- Always bequeath your firearms to a specific, named individual – do not just leave them as part of your estate.
- Only the firearm owner or his executor can transfer a firearm to a person.
- Firearm ownership can only be transferred through gift, bequest, sale or swap.
- Article 147 of the Firearm Law stipulates that the executor must store any firearms in the estate according to the stipulations of the law
- Article 148 stipulates that the person to whom the firearms were bequeathed must apply for the appropriate licenses
- An Article 21 storage permit must be obtained until all the legal processes have been fulfilled
- Should the executor not have appropriate storage facilities, the person inheriting the firearms may apply for an Article 21 storage permit – if this is granted, any firearms so stored cannot be used for any purpose whatsoever
- Such a firearm could also be booked in at a firearms dealer until all the details are fulfilled.
- The Master's Office, as so many other state institutions, is very dysfunctional, so it is not unusual for the winding up of an estate to take 18 – 24 months.
- Article 103 states that the CFR must be informed within 14 days of the bequest of firearms and this needs to be renewed every 6 months until the matter is settled.
- Article 120 (a) declares that if anyone is aware of a person in possession of an unlicensed firearm, and fails to inform SAPS, a penalty of up to 10 years imprisonment may be enforced.

- The financial value of any firearms and accessories in the estate may be sold out of hand
- Should the beneficiary not want the firearms, the executor may sell them
- Gerhan Archer suggested that if you do not have a beneficiary who would want the firearms, you could leave them to SA Hunters, who could either sell them, or as in the case of PCP or .22 firearms, they could be used for training and promotion, especially for juniors.

On personal security matters, Petrus and Angelo from M-Sec presented on crime trends in the area and provided tips on improving personal security at members' homes.

- Crime is on the increase in the Garden Route area as more and more migrants move to the Garden Route from other provinces or even countries.
- It is essential that all safes in which firearms are stored should be firmly bolted to the wall as prescribed by the firearms legislation.
- Ensure that your alarm is in good working order and that your security company's control room receives any broadcasts from your alarm. A "silent alarm" linked to your gun safe is very sensible
- People must be aware of the tendency for criminals to access houses via the roof and inactivating your alarm. A microwave sensor can be installed in the roof to prevent this.
- You must be aware of how thieves access roofs – low roofs, roof near wall, water tanks against house
- Skylights are easy to open and to thus access your house
- Never try to get around any legislation
- Supply someone you trust with keys, etc, so that your house can be accessed in your absence by SAPS and security personnel
- Hunting weapons are not often stolen – thieves prefer handguns and ammunition for handguns
- Criminals are most active in holiday seasons
- Be very careful about who you give information to about your security and alarms
- If you have beams around your house, regularly check that they are active and that there are not any obstructions preventing correct function
- The reaction unit of your security company must be able to access your property – keys and codes

- Do not allow outsiders like cleaners, painters, builders, etc, to bring cell phones into your house – they can rapidly take photos of your possessions, safes and security systems without your knowledge

**Other Branch Matters**

The branch needs more people to assist on shooting days with administration, target setup, and as range officers. Members willing to help can contact the chairperson for more information.

Following Rudi Kruger's resignation, the branch requires an MDS coordinator. Interested members can contact the chairperson.

**Shooting Matters**

Our next monthly shooting day will take place on 8 March at On Target. Shooting exercises include .22/PCP, handgun, and problem animal targets such as jackal and warthog on the long range.

On April 12, we will host the Lapua Challenge Competition. Categories include rimfire (50 meters) and centrefire (100 meters) with any calibre up to .30. The entry fee includes one target. Shooters must purchase additional targets for participation in multiple categories. Sandbags and bench rests are allowed: 10 shots for .22 calibre and 5 shots for centrefire.

The Garden Route branch's shooting team is performing well in the Inter-branch team shooting competitions. They once again excelled on February 22 in Kareedouw.

The SA Hunters national championship for 2025 will again be divided into a northern and southern region to reduce travel costs for participants in the southern parts of the country.

The branch will again host several Inter-branch shotgun shooting days this year.

Members in the Riversdal/Stilbaai area can join Koos Barnard's shooting days in Riversdal.

Members north of the Outeniqua Mountains can join Rob Fisher in Oudtshoorn.

**SA Hunters Competitions**

Tickets for both the buffalo and Kalahari hunts are available on the SA Hunters website for R100 each.

Branches can receive sponsorships from headquarters based on the number of tickets sold per branch, so support your branch (and maybe win) by purchasing tickets.